# Laerskool Unika

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

**17 FEBRUARIE 2020, KWARTAAL 1, UITGAWE 06**


## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Unika-leerders het behoorlik pret gehad gedurende Valentynsweek. Kleurvolle en snaakse uitrustings, interessante boekkarakters, pragtige markstalletjies, rooi getooide uitrustings en “funky” danse om net ’n paar te noem. Baie dankie aan al die gr.7-leerders en ouers vir al hul moeite en tyd met die sokkie! Dit was voorwaar ’n reuse sukses!




































Laerskool Unika het baie jare gelede 'n **MUNTLEGGING** gehou. Die feesjaarkomitee het dit goed gedink om hierdie feestelike jaar af te skop met 'n muntlegging wat gehou sal word op ***Donderdag, 20 Februarie 2020*** vir die begin van ons feesjaaraktiwiteite.
Net 'n vriendelike versoek dat al die leerders van gr. R tot 7 hul blink geldjies (R5, R2 en R1) dié oggend saambring waar ons Unika se feesjaarwapen gaan vul met die munte.

Welgedaan aan die **SWEMSPAN** wat op Vrydag, 14 Februarie weereens 'n eerste plek behaal het! Unika is ongelooflik trots op julle! Die volgende swemgala vind plaas op Vrydag, 21 Februarie by IR Griffiths.

Die **TENNIS**seuns en -dogters het onderskeidelik teen LLG en Crawford Sandton gespeel. Albei spanne het ver gewen en ons is ongelooflik trots op hulle. Unika-dogters wen Crawford Sandton A 55 – 26 en Unika-seuns wen LLG B 61 – 20. Welgedaan!

Baie dankie aan al die ouers en leerders wat Donderdag, 13 Februarie, Unika se **EERSTE RUGBYSPAN** ondersteun het by Spur vir hul **FONDSINSAMELING**. Die aand was groot pret en ons glo dat almal dit so baie soos die seuns geniet het. Ons sien uit na 'n opwindende seisoen.

Die gr.4-7 **TOETSREEKS** is om die draai en begin alreeds op **Vrydag, 21 Februarie**. Baie sterkte aan elke leerder. Leer hard, kry genoeg rus en lewer jou beste!

**BOEK BUDDIES** het verlede week Unika besoek en die leerders kon soos hulle gunsteling storieboekkarakter aangetrek het. Dit was boek buddies se eerste opvoering vir die jaar en propvol energie. Die leerders het dit baie geniet en gaan almal behoorlik aan die lees hê. Die volgende boeke was opgevoer:

Juniors: - Die Groot Jaco Jacobs storieboek: Koebaai Gorilla, Borrels en Pasop vir die feetjies (LAPA) - Hokaai Lulu, Fanie Viljoen (LAPA) - Vakansiepret, Die kolwyntjie kompetisie, Theresa v Baalen (LAPA).

Seniors: - Aksieheld Austin: Onheil op skedelbaai , Fanie Viljoen (LAPA) - As mens geluk kon proe, Zelda Bezuidenhout (LAPA) - Die legendariese Lua Verwey - Wilder as die wildtuin , Dihanna Taute (Human en Rousseau) - Die skandalige suster Smit, Adeline Radloff (Tafelberg) - Thomas @ Net, skerpioen @ net , Carina Diedericks-Hugo (LAPA)

## 2. REDENAARS 2020

**REDENAARKURSUS**

Woensdag, 19 Februarie is daar 'n redenaarkursus vir alle leerders wat belangstel om verder redenaars te doen. Die kursus leer jou hoe om jou sê te sê dat die gehoor aan jou lippe hang. Die kursus word aangebied deur Steffie le Roux en is gratis vir leerders en hul ouers. Sien asb. die d6 vir besonderhede oor hoe om te registreer vir die kursus. Lokaal: Saal, Tyd :17:00 – 19:00

**INTERREDENAARS**

Interredenaars vind plaas op Maandag, 2 Maart 2020. Die doel van die redenaars is vir leerders om individueel te praat, maar spanpunte aan te teken (spanne word soos atletiek volgens vanne verdeel). Ouers is baie welkom, dit beloof om groot pret en intelligente kindervermaak te verskaf. Leerders wie se punte die hoogste is word gekies om interne-redenaars te doen wat in dieselfde week plaasvind.
Gr. 1 tot 3 -leerders is in die saal vanaf 12:00 tot 13:30.
Gr. 4 tot 7 -leerders is vanaf 14:00 tot klaar (±17:00).

**INTERNE-REDENAARS**

Leerders wat daarna deurgaan na die **INTERNE-REDENAARS**, om deel te neem vir graadwenners en ATKV-eerste rondte deelnemers, sal briewe op 2 Maart, na afloop van die program ontvang.
Die interne-redenaars vind plaas soos volg:
Gr. 6-7: Dinsdag, 3 Maart
Gr. 1-3: Woensdag, 4 Maart
Gr. 4-5: Donderdag, 5 Maart
Eksterne beoordelaars word gebruik om leerders te beoordeel.

Vir enige navrae in die verband, kontak juffrou Maritza Nell by Maritza.nell@unika.co.za

**REDENAARSOEFENING**
Redenaarsoefening begin op Maandag, 17 Februarie 2020.
Oefeninge is per afspraak. Leerders moet reeds hulle toespraak ken voor hulle by die onderwyser/es aanmeld. Lyste met afspraaktye is teen juffrou Maritza en juffrou Danelle se klasdeure.

Juniorouers kan hul praatjie vir juffrou Maritza e-pos by Maritza.nell@unika.co.za.
Indien jy nie terugvoer binne 48 uur ontvang nie, volg asb. op met juffrou Maritza.

Onthou asb. die praatjie word nie herskryf nie, ons kyk na die volgende riglyne:

- Tema
- Onderwerp uit die tema (is dit kort, kragtig en gepas? Is dit beredeneerbaar?)
- Inleiding waar die voorsitter en gehoor ook gegroet word.
- 3 argumente wat versterk word deur ‘n waardige bron (graad 1-leerders mag 2 argumente hê).
- Sterk slot wat jou standpunt beaam en aansluit by jou inleiding.

## 3. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Neem asb. kennis dat die eerste kwartaalprogram en die buitemuurse aktiwiteite op **d6 beskikbaar** is.

## 4. VERLORE ITEMS

Na vele mislukte pogings om die verlore-item probleem aan te spreek en leerders te kry om na hulle besittings om te sien, is die volgende reëlings nou in plek vanaf Maandag 17 Februarie:

1. Slegs gemerkte items sal na die verlore goedere boks geneem word.
2. Ongemerkte items (kosblikke, waterbottels, sportsakke, gewone klere, sportklere) word direk in 'n sak gegooi en sal elke Vrydag by 'n liefdadigheidsorganisasie afgelaai word. Ongemerkte skooldrag word dadelik gewas en verkoop.
3. Gemerkte items wat nie teen Vrydag afgehaal is nie kan teen 'n bedrag van R10 per item teruggekoop word vanuit die klerebank sodra u 'n boodskap ontvang het (die boks sal elke Maandagoggend voor skool leeg gemaak word om leerders wat Vrydag items verloor het, die geleentheid te gee om dit te gaan afhaal).
4. Leerders wat gemerkte items verloor en dit nie afhaal nie sal ook negatiewe punte ontvang (-3) op die dissiplinestelsel.

   Ons vertrou dat u hierdie inligting met u kind/ers sal deel. Ons sal dit ook aan die leerders kommunikeer en hulle van die skool se kant af aanmoedig om na hulle besittings om te sien.

## 5. TOETSREEKS

Graad 4 tot 6-leerders skryf Vrydag, 21 Februarie SW Geskiedenis en gr.7-leerders skryf NW.
Afbakening is op d6 geplaas en aan die leerders uitgedeel.

## 6. KOOR

**Seniorkooroefening** op Donderdae 14:00 – 15:00.
**Juniorkooroefening** op Donderdae 12:55 – 13:55.

## 7. SKAAK

Beginners: 16:00 – 17:00
Gevorderde skaak: 17:00 – 18:00



Skaakoefeninge vind op **Woensdae**
in die mediasentrum (al reën dit) plaas.
Almal wat wil skaak speel, is welkom.
Al wat jy hoef te doen, is om op te daag met
jou slim brein.

## 8. ATLETIEK

D10-Kampioenskap vind plaas op Maandag, 24 Februarie. Nog geen inligting is ontvang rakende die program, plek, tyd ens. Sodra hierdie inligting beskikbaar is, sal dit onmiddellik aan atlete deurgegee word.
Die Gauteng-Kampioenskappe is op Vrydag, 13 Maart en Saterdag, 14 Maart 2020.

## 9. SWEM

Die volgende swemgala vind plaas op Vrydag, 21 Februarie by IRG Primary. Alle swembesonderhede is op d6 beskikbaar.

## 10. TENNIS

**Woensdag, 19 Februarie:** – Dogters A teen Louw Geldenhuys A – WEG
**Donderdag, 20 Februarie**: – Seuns A teen Heronbridge B – WEG
Alle datums is op die d6/kalender beskikbaar.

## 11. NETBAL

Senior netbaloefening begin Maandag, 17 Februarie 2020 op die netbalbane. Alle dogters wat nie by die proewe laasjaar was nie, moet asseblief aansluit by die oefening. Onthou jou tekkies, hoed, sonroom en 'n waterbottel.
Die oefentye is as volg:
0/10 A, B en C - Maandae tot Woensdae 14:00 – 15:00
0/11 A, B en C – Maandae tot Woensdae 14:00 – 15:00
0/12 A, B en C – Maandae tot Woensdae 15:00 – 16:00
0/13 A, B en C – Maandae tot Woensdae 15:00 – 16:00

Ons sien uit na 'n opwindende seisoen!

## 12. RUGBY

Rugby-oefeninge begin Maandag, 17 Februarie vir o/9 – o/13.
Die oefentye is as volg:
0/9 – 0/11 - Maandae tot Woensdae 14:15 – 15:15
0/13 - Maandae tot Woensdae 15:15 - 16:15

Hoop om almal daar te sien!

## 13. TOYOTA - KUNSKOMPETISIE

Leerders moet asb. seker maak dat hulle tekening teen Vrydag, 28 Februarie by me. Chanel Boshoff ingehandig is. Indien jy nog nie 'n inskrywings ontvang het nie, kan dit ook by juffrou Chanel afgehaal word.

## 14. MAART - VAKANSIESORG

Vir navrae en besprekings rakende die Maart-vakansiesorg, kontak Juffrou Annemé by naskool@unika.co.za.

Sluitingsdatum vir alle besprekings en betalings is 6 Maart 2020.

## 15. TENNISBANE – NUWE SLOT

Neem asb. kennis dat die tennisbane se **slot op Maandag, 17 Februarie** verander. Indien u belangstel in 'n nuwe sleutel, kontak Ronel Koegelenberg by die kantoor. Ledegelde vir 2020 is steeds R660 per jaar. Handig asseblief u ou sleutel in. Koepons vir ligte is ook by kantoor beskikbaar. Sien d6 of kontak vir me. Ronel Koegelenberg by die kantoor vir enige verdere inligting.

## 16. ERKENNINGS EN DANKIE-Sê BRIEWE AAN LAERSKOOL UNIKA

60 1960–2020 LAERSKOOL UNIKA

Laerskool Unika

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

*5 Februarie 2020*

*Beste mede Unika-Ouers*

*Dit is met groot dankbaarheid dat ons almal weer die nuwe skooljaar aanpak. Skoolboeke en handboeke is vars oorgetrek en die meeste huisgesinne kon weer in roetine kom met vroeg opstaan en motivering om kinders sover te kry om tande te borsel en hare te kam.*

*As ouer van Unika en lid van die beheerliggaam is ek nog altyd trots om te kan sê my kind is in Unika. Met die intrapslag (die begin van die nuwe jaar), kon mens dadelik sien daar is weer hard gewerk op die skoolterrein, terwyl ons rustig met vakansie was.*

*Die personeelkamer lyk soos iets uit 'n tydskrif. Met groot opgewondenheid vertel my kinders my van die nuwe Robotika-klas en watter "cool" goed hulle gaan bou. Die kinders is opgewonde (en benoud terselfdertyd) oor die kameras wat die hele skoolterrein vol is. Nou, sê hulle, kan mnr. Ettienné alles hoor en sien wat ons doen!*

*Soms vergeet mens wat ons het. Dit wat ons as selfsprekend aanvaar, is goed waarvan ander skole net kan droom. Ons het 'n skool met puik onderrig en 'n skoolterrein om mee te spog. Bo en behalwe dit alles, is ek nog van dag een af beïndruk met die skool se "kleinskooltjie" -waardes. My kinders tel en word geag. Hulle kan hulself uitleef, terwyl hulle steeds respek het vir hulle onderwysers met die toepassing van gesonde dissipline.*

*As ouers is dit ons verantwoordelikheid om ons skool na buite te bemark. "Word of mouth" -bemarking is iets wat mens nie kan koop nie. As ambassadeurs van die skool, moet ons die skool aan almal daarbuite verkoop sodat ons altyd verseker kan wees dat ons skoolbanke vol leerders sit wat dieselfde waardes nastreef en wat die skool se goeie naam sal laat voortbestaan.*

*Ons, as die beheerliggaam, doen 'n beroep op elke ouer om as bemarkers daarbuite op te tree. Vertel daardie nuwe bure van Unika en wek belangstelling in Unika by jou jong kollega wat nog kopkrap oor waar sy oudste sy/haar skoolloopbaan sal begin. Vertel vir almal van jou positiewe ervaring as ouer by Unika.Ek wens julle almal 'n voorspoedige jaar toe. Mag ons in die gewoel tyd kry om nog tussendeur met mekaar te kuier ook.*

Groete.

Jacques Bierman

Unika-Beheerliggaamslid van bemarking

VERLOOP BUILDING

ALEX VERLOOP

083 400 2766 / 011 792 5429

abwverloop@gmail.com

www.verloopbuilding.co.za

www.facebook.com/VerloopBuilding/

QUALITY AND EFFICIENT WORKMANSHIP GUARANTEED

We are specialists in Building alterations, Revamping Bathrooms and Kitchens, Painting, Roof repairs, Paving, Rhino light, Tiling/cladding, Water and Damp proofing, Ceilings and ceiling repairs, Small electrical work, Plumbing, Carpentry and door repairs or replacement.

# DIE OPLOSSING IS WISKUNDE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 6 | | 1 | | 4 | | 5 | |
| | | 8 | 3 | | 5 | 6 | | |
| 2 | | | | | | | | 1 |
| 8 | | | 4 | | 7 | | | 6 |
| | | 6 | | | | 3 | | |
| 7 | | | 9 | | 1 | | | 4 |
| 5 | | | | | | | | 2 |
| | | 7 | 2 | | 6 | 9 | | |
| | 4 | | 5 | | 8 | | 7 | |

TRIUMPH

*Mathematics*


PRIVATE WISKUNDE ONDERRIG IN BOSKRUIN

Individuele aandag voorsien in klein groep klasse

082 566 5917 | karlienvzyl77@gmail.com | triumphmaths.co.za



EDUBLOX
Lees-, wiskunde en leerkliniek
www.edublox.co.za
Hulp met
leerprobleme, disleksie, ADHD, konsentrasie, lees en spel, wiskunde en geheue.
Skoolresultate bepaal ons sukses!!
082 531 7200
011 678 0364
monique@edublox.com
Wes Rand; 19 Ouklipstraat, Roodekrans
Randburg; L'Corro Centre , Office 3, Northcliff

CONTACT US
Joanie Brussow
067 648 4275
Nicoline Smith
072 099 9526
111 Oak Avenue
Robindale, Randburg
secret.slimmingspa@gmail.com
SECRET
European Slimming Technology & Spa
TRADING HOURS : MON - SAT : 09:00-17:00, SUN: ON REQUEST | BY APPOINTMENTS ONLY
TREATMENTS AND PRODUCTS
NON-INVASIVE LIPOSUCTION
CELLULITE REDUCTION
SECOND CHIN REDUCTION
NON-SURGICAL BREAST LIFTS
FACIALS & BACK FACIALS
HEALTHY EATING PLANS
SECRET SLIMMING CAPSULES
STOCKIST OF ANNIQUE
Annique
Skin Tightening
Fat Reduction

# Keymen Finansiële Dienste

Ons bied professionele en betroubare, uitgekontrakteerde boekhoudienste, rekeningkundige dienste en "Payroll" dienste
vir enige grootte besigheid.

Dit sluit ook die berekening en indiening van alle SARS opgawes (BTW & LBS) en Ongevalle Kommissaris in.

Ons kan ook help met die aankoop, installering, opstel en opleiding van:
**Pastel Accounting** en **Pastel Payroll**.

**Skakel: Annemie Mentz - 082 379 8620**
**E-posadres: annemie@keymen.co.za**







NORTHCLIFF HIGH SCHOOL
OPEN EVENING
We invite prospective 2021 Grade 8 students and parents to join us, view our facilities and meet our students.
Date: Wednesday, 26 February 2020
Time: 17:15 - 19:00
Headmaster's Address: 18:00
Northcliff High School
Mountainview Drive, Blackheath Ext 3, Johannesburg
Tel: +27 11 476 1544 Fax: +27 11 476 2585
General Enquiries: info@northcliffhigh.co.za Admission Enquiries: tedwards@northcliffhigh.co.za
www.northcliffhigh.co.za
Established 1969


hukkasKLUB
steffieleroux@gmail.com
082 333 7650
TONGKUNS 2020
GRAAD 1 - 7
Tongkuns word vanaf 2020 op 'n Donderdagmiddag deur Steffie le Roux aangebied.
Beperkte plek beskikbaar.
Vir meer inligting kontak Steffie by
steffieleroux@gmail.com
KREATIEWE DENKE VIR KREATIEWE KINDERS.


Pannekoek
Burgers
Sosaties
Prego's
Potjiekos
Hope speletjies
Skyfskiet
Tuisnywerheid met handwerk en gebak
Vetkoek
Poeding
Kerrie en rys
wyntafel
dorskol
biltong
Basaar!!
28 Feb 17:00
NG Randburg
H/v Doverst en Vineln
Navrae – 082 552 5093
Tombola
Bring die vriede
Kom kuier en speel!



# SARA LOUW
## HIERDIE VROU!

WANT DAAR'S GOEIE GROND
IN ELKEEN VAN ONS

STORIEVERTELLING
DEUR
MARIKA VAN HEERDEN

14 MAART 2020
10:00AM
NG LINDENPARK
HV CENTRAL + BRAM FISCHER
R150,00 PP
KAARTJIES:
CHRISTA- 0834089336